


Publication: RapportGauteng (Sport)
Publication Date: 03 Jun 2018
Page: 16

AVE: 71986.37
Circulation: 41034
Part: 1 of 1




Zandre Erasmus (links) van die Gautengse Fireballs en Jaumbuaije Zauana van die Wes-Kaapse Stings ding gister in Pretoria mee om besit. Die Stings het dié kragmeting in die nasionale Premierliga in die Rembrandt-saal in Pretoria met 58-36.
| FOTO: CHRISTIAAN KOTZE, BACKPAGEPIX

# Jaguars blus Flames se vlam

**Annchen Nel**

Die Jaguars, verdedigende kampioenspan van Noord-Gauteng, het hul posisie boaan die punteleys van die nasionale Premierliga verder verstewig.

Die Jaguars het gister in Pretoria gemaklik met 66-28 met die Aloes van die Oos-Kaap afgereken.

Vrydagaand het hulle 'n ietwat groter toets oorkom en die Flames van Noordwes met 52-42 geklop.

Die Noord-Gautengers het tot dusver agt uit agt oorwinnings behaal en het 16 punte. Hulle sal die ligafase waarskynlik onoorwonne afsluit, want hul laaste wedstryd Vrydagmiddag is teen die Kingdom Stars van KwaZulu-Natal.

Die Flames het ná die eerste kwart met 11-8 voorgeloop, en met die rustyd net-net met 22-20. Die Jaguars het egter veral in die tweede deel van die derde kwart gewys van watter stoffasie hulle gemaak is.

Hulle het 17 doele opgestapel teenoor die 7 van die Flames, om die telling 37-29 te maak aan die einde van die derde kwart.

Erin Burger (senter) is as die Speler van die Wedstryd aangewys, maar dit was die doel Chanté Louw wat die oog getref het.

Dié jong doelskieter het die senior netbaltoneel verlede jaar met 'n knal getref en laat haarself deeglik in die doelsirkel geld.

Van Dyk het die luukse van doel-opsies in Louw, Chantelle Swart, Danielle van Zyl én die Protea Ine-Marí Venter, wat eers Saterdag weer speelkans gekry het ná 'n enkelbesering.

Die Stings van die Wes-Kaap het gister bo-oor die Fireballs van Gauteng geloop. Hulle was met 58-36 baas nadat hulle uit die staanspoor uit vyfde rat weggetrek het.

Die Stars het 'n goeie oorwinning van 50-45 oor die Limpopo Baobabs behaal.

Die Sunbirds was met 43-34 baas teen die Diamonds van die Noord-Kaap, wat nog segeloos is.

■ **Sondag se program (in die Rembrandt-saal op die Tuks-kampus):**
**08:00:** Diamonds t. Aloes;
**10:00:** Stars t. Sunbirds (SS 10);
**12:00:** Stings t. Crinums (SS 10).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.